Hier staan die kweekhuise op die Zetler-aarbeilanderye langs die Polkadraaipad. Foto: **Samantha van den Berg**

SONDE MET KWEEKHUISE

'n 'Klap in die gesig'

SAMANTHA VAN DEN BERG

MENIGE wynboer in Stellenbosch is in opstand oor die wit kweekhuise wat die Zetler-familie langs die Polkadraaipad opgerig het.

Die boere voel dat dié onooglike kweekhuise, opgerig op die Zetlers se aarbeilanderye, die wynlandskap ontsier en toerisme in die gebied kan beïnvloed. "Ek sien dit as 'n klap in die gesig om die strukture reg voor ons plaas op te rig. Dit is so 'n pragtige gebied, maar die kweekhuise lyk aaklig. Polkadraai is nie meer dieselfde nie," sê Ingrid Bien van die private wynkelder, Bien Wines.

Die Zetlers het glo nie toestemming van die munisipaliteit gekry vir die kweekhuise en voortgegaan met die oprigting daarvan ten spyte van hulle bure se klagtes.

Mnr. Duncan Fransz, eienaar van die Jakarta-restaurant, sê die hele aangeleentheid is 'n skande. "Ek het die eiendom gekoop vir die uitsig, nou sien ek net kweekhuise. Ek kan nie glo hulle gaan net aan daarmee nie - die Zetlers dink hulle ís die wet."

Volgens mnr. Julian Zetler het hulle dié kweekhuise twee maande terug teen 'n koste van sowat R3 miljoen opgerig.

"Die strukture is tydelik en is die moderne manier van boer. Ons moet saam met die tye beweeg, anders gaan ons agtergelaat word."

Sy broer, Leslie Zetler, sê hulle het nie om goedkeuring aansoek nie, omdat dit nog nooit voorheen nodig was nie. "Die kommunikasiekanale is daar. Ons het 'n vergadering gehad om die klagtes te bespreek. Dit bevorder nie die saak om na die media te hardloop nie."

Mnr. Cobus Germishuys, 'n wynkundige in die Polkadraai-gebied, sê toeriste vra gedurig uit oor die kweekhuise, omdat hulle glo nie weet wat dit is nie. "Die Polkadraaipad is die hoofaar vanaf die lughawe na Stellenbosch. Nou is dit met kweekhuise besaai."

Mev. Sonette den Dulk van die De Toren-plaas sê mense praat altyd oor hoe mooi die gebied is - met die berge en wingerde. "Ons boer holisties, so ons is baie gestel op die omgewing. As jy nou oor die bult ry, sien jy oral net wit kweekhuise. Niemand het ons gewaarsku nie."

Mnr. Vernon Bowers, woordvoerder van Stellenbosch Munisipaliteit, sê hulle samel tans meer bewyse in en sal binnekort 'n kennisgewing aan die eiendomseienaars uitreik. "Hulle sal óf by die raad aansoek moet doen vir die kweekhuise óf dit moet afbreek."

Bowers sê die raad sal daarna op die bestaande regte van die eiendomseienaars besluit en indien nodig, die aansoeke vir kommentaar publiseer. "Indien die kennisgewings geïgnoreer word, sal die howe genader word."